

GROEP NOTAS

JESUS (in die boek Mattheus)

Hoofstuk 19-28.

29 Oktober 2017

- **UP:** Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?
- **IN:** Lees die volgende Skrifte saam deur en bespreek die vrae:

Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” Matt 19:26

- Kan jy dink aan 'n situasie of storie waar God 'n wonderwerk gedoen het?
- Vir watter wonderwerk vertrou jy op God?

“Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. 37 Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die Seun van die mens. 38 In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. 39 Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van die mens. Matt 24:36-39

- Wanneer jy dink aan die wederkoms van Jesus – hoe voel jy daarvoor?
- Is jy gereed vir die wederkoms van Jesus? Indien wel, wat is jou versekering?
- Ken jy mense wat waarskynlik nie reg is vir die wederkoms van Jesus nie? wat doen jy daaromtrent?

Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.” Matt 26:39

- Die kruisdood van Jesus was nie vir Hom maklik nie, maar dit was God se wil en die moeite werd! Deur watter beproewing moes jy al gaan vir 'n groter doel?
- Wat dink jy doen God in jou lewe tydens beproewinge waardeur jy gaan?

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Matt 28:18-20

- Jesus gee vir elke dissipel 'n vier-voudige opdrag: GAAN, MAAK, DOOP & LEER.
 - Hoe sal jy jou gehoorsaamheid aan hierdie opdrag beskryf op hierdie stadium?
- ✓ **Bid vir mekaar. Bid vir vriende en familie.**